

Skriflesing Lukas 18 vers 9 - 17

Tema Net Christus red

Die Fariseërs behoort aan 'n Joodse godsdienstige party wat gekenmerk is deur nougesette gehoorsaamheid aan die wet. In hulle ywer om te sorg dat die wet nie oortree word nie, het hulle nog voorskrifte gemaak wat as 'n beskermende heining om die wet moes dien. Die Fariseër was 'n goeie kerkmens, fatsoenlik en toegewyd aan wat hy geglo het reg is. Om vrypraak te verkry was hy onberispelik gehoorsaam aan die wet. Hy het ook nie vertonerig gebid nie. Die tollenaar het waarskynlik meer aandag getrek as hy.

Die tollenaar het belasting ingesamel. Hy was 'n Jood wat vir die Romeinse regering gewerk het. Die tollenaars was bekend daarvoor dat hul oneerlik en korrup is. Hulle het meer belasting ingevorder as wat hul moes en die wins dan in hul eie sake gesteek. Onder hul eie mense is hulle beskou as bedrieërs en verraaiers. Ons weet nie waarom die tollenaar tempel toe gegaan het om te bid nie. Tollenaars het nie tempel toe gegaan nie. Dalk was hy in die moeilikheid?

Die meeste van ons is waarskynlik meer soos Fariseër as die tollenaar. Ons is godsdienstig, eerlik, toegewyd aan wat ons glo reg is en onberispelik in ons lewenswyse.

Wanneer ons nader na die Fariseër kyk, sien ons egter dat hy 'n paar dinge verkeerd doen:

Hy het die Goeie Nuus van die Here verkeerd verstaan en daarom leef hy liefde verkeerd.

Ons lees in Lukas 18 vers 9: "Met die oog op mense wat seker was dat hulle eie saak met God reg is en wat op ander neergesien het, het Jesus hierdie gelykenis vertel:"

Dit is waaroor die hele gelykenis gaan. Liefde vir God en liefde vir ander mense kan nie losgemaak word van mekaar nie.

Ons lees in Matt 22 vers 37-40 in die Boodskap: "Jesus sê "Jy moet die Here jou God liefhê met alles wat jy is en het. Niks in jou lewe mag vir jou so belangrik soos God wees nie. Hierdie opdrag staan bo-aan die lys. Maar daar is 'n tweede opdrag wat langs die eerste een op die lys staan. Jy moet ander mense so liefhê asof hulle jyself is. Hierdie twee opdragte vorm die pilare waarop alles rus waarvan ons in die Bybel lees."

Die Fariseër kyk verkeerd.

Hy kyk nie na God nie. Hy kyk na homself en met godsdienstige snobisme kyk hy neer op die tollenaar. Ons hoor hom dankie sê dat hy nie soos die tollenaar is nie. Hy steel nie ander se goed nie. Hy lieg en bedrieg nie. Hy is nie in 'n skelm verhouding met 'n ander vrou nie. Hy is nie so groot sondaar soos die tollenaar nie. Hy verraai nie sy eie mense nie en is nie oneerlik nie. Hier is geen sprake daarvan dat die Fariseër die tollenaar jammer kry, hom liefhet, vir hom bid of uitreik na hom nie.

Hoeveel keer is ons nie ook skuldig hieraan nie? Ons kyk af op mense om beter te voel oor onself. En ons roem in al ons goeie kwaliteite. Dit hou ons so besig dat ons nie 'n saak het met hulle wat in sonde vasgevang is nie.

Die tollenaar wou nie eens na die hemel opkyk nie. Hy het skaam gekry oor sy sonde en sy kop laat sak. Hy het bedroef op sy bors geslaan. Sy gesindheid is reg. Hy staan in nederige afhanklikheid voor God.

Die Fariseër gebruik ook sy hande verkeerd.

Hy is sy eie god. Sy hande is so vol van al sy eie prestasies wat hy opnoem dat Hy regtig nie nog vir God ook kan vat nie.

Hy bid nie. Hy gee vir die Here 'n getuigskrif oor homself. Vier maal praat hy van "ek."

Hy hou al die wette en doen selfs meer as wat van hom verwag word. Hy vas twee keer 'n week. Hy gee 'n tiende van sy hele inkomste. Hy werk vir sy eie verlossing.

Ons kan so maklik in dieselfde strik trap. Ons kan hande vol goeie goed opnoem wat ons doen. Ek woon eredienste by. Ek gebruik sakramente. Ek gee dankoffer. Ek hou getrou stiltetyd. Al hierdie goed is belangrik, maar dit gaan nie een van ons red nie. Ons doen dit verseker ook nie om daarmee te spog nie.

Die tollenaar se hande is oop. Hy staan bakhand voor God. Sy redding is buite homself in God se genade. Hy roep: "Here ek kan myself nie red nie. Ek het U genade nodig. O God, wees my, **die** sondaar, genadig!"

En hy ontvang vergifnis as die gratis geskenk wat God gee. Ons lees daarvan in Efesiërs 2:8 vers 10: "8Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God. 9Dit kom nie deur julle eie verdienste nie, en daarom het niemand enige rede om op homself trots te wees nie. 10Nee, God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dae waarvoor Hy ons bestem het."

Ek probeer dit wat hier gebeur verduidelik met 'n reddingsbaadjie en 'n reddingsgordel.

'n Reddingsbaadjie maak ek vas met al die goeie goed wat ek doen. Dit lyk of ek reg is, maar ek dryf steeds hulpeloos saam met die sondestroom.

'n Reddingsgordel word na my uitgegooi. Ek hoef niks meer te doen as om dit met oop hande te vat nie. Dan word ek tot op die vaste grond gered.

Wie se saak met God is reg?

Hulle wat nederig afhanklik is van God. Hulle lewens draai nie om hulself nie. Hulle weet dat hulle God nodig het vir redding. Hulle wat, soos die tollenaar, die reddingsgordel wat die Here na ons toe uitgooi met leë hande vat.

Afsluiting

Spurgeon skryf: "Onthou sondaar: dit is nie jou vashou aan Christus wat jou red nie. Dit is Christus. Dit is nie jou vreugde in Christus wat jou red nie. Dit is Christus. Dit is nie eens jou geloof in Christus wat jou red nie. Dit is Christus. Daarom, moenie na jou vashou, hoop, geloof kyk nie. Kyk na Christus!"

Amen